SARL-NUUS SONDAG 30 JANUARIE 2011

U luister na ZS6SRL, die amptelike radiostasie van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met ‘n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 SAT in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word. Oudio is ook beskikbaar via die internet by www.sarl.org.za. Klik op ’ARMI’ en volg die skakels soos aangedui. Let asseblief op: Vir oudio via Echolink, koppel met ZS0JPL-R.

Hierdie en vorige bulletins kan van www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken om toekomstige bulletins per e-pos te ontvang. U nuusleser is (naam en roepsein), op 145,725 MHz vanuit Pretoria, met herleidings op 7,066 en 3,695 MHz ESB. (Ander nuuslesers verander soos toepaslik.

In die nuus vandag:

SA AMSAT KONDIG BESONDERHEDE VAN TWEE SATELLIETPROJEKTE AAN

NASA SE NANOSATELLIET DEUR RADIOAMATEURS GEHOOR

ARRL-TOEKENNINGS AAN SA AMATEURS

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir meer besonderhede oor hierdie en ander belangrike en interessante nuusitems.

SA AMSAT KONDIG BESONDERHEDE VAN TWEE SATELLIETPROJEKTE AAN

SA AMSAT het die besonderhede van twee satellietbouprojekte SAiSAT en Kletskous aangekondig.

SAiSAT is n langtermyn projek wat deur John Willescroft, ZS6EF, bestuur word wat sal kyk na die oorkoming van kragbeperkings van n klein satelliet deur gebruik te maak van uitvoutipe sonpanele wat, bo en behalwe krag van sonlig sal opwek, ook loonvrag sal dra vir gebruik vir stabilisering van die wentelbaan. Die doelwit van SAiSAT is om studente op Meesters en en Doktorale vlakke aan beide universiteite en universiteite van tegnologie betrokke te kry. Universiteite en ander belangstellende institute word uitgenooi om by die projek aan te sluit. n Gedetailleerde dokument is beskikbaar op SA AMSAT se webwerf nl. www.amsatsa.org.za.

n SAiSAT-inligtingsessie sal op 25 Maart by die Nasionale Amateurradiosentrum gehou word, die dag voordat SA AMSAT se ruimtesimposium by Vodaworld gehou sal word.

Die tweede projek, genaamd Kletskous, gaan om n Cubesat wat daarop gemik is om groter betrokkenheid in satellietaktiwiteit onder Suid-Afrikaanse radioamateurs aan te moedig. n Voorlopige telekonferensie is gedurende die afgelope week gehou waartydens die verskillende keuses en loonvrag bespreek is. Die eerste konsep van n projekplan sal later gedurende hierdie week op www.amsatsa.org.za beskikbaar gestel word. Soos die projek vorder sal opdaterings gedoen word.

Hierdie projek staan onder die leiding van Hannes Coetzee, ZS6BZP. Hannes nooi belangstellende persone uit om by die projekspan aan te sluit. “Ons is besonder op die uitkyk vir radioamateurs met ondervinding in RF-ontwerp, antennaontwerp en die skryf van programmatuur”. Stuur u kontakbesonderhede en n kort beskrywing van u tegniese agtergrond aan saamsat@intekom.co.za.

SAAMSAT loods n fondsinsamelingsveldtog en soek bydraes tot sy satellietboufonds. Donasie kan by ABSA-bank inbetaal word op die rekening van SA AMSAT, rekeningnommer 560 153 171 en takkode 632 005. Alle skenkings sal op www.amsatsa.org.za erken word. Om erkenning te verseker, stuur asb. besonderhede van u bydrae aan saamsat@intekom.co.za, met die woord Satellietfonds in die onderwerplyn.

Belê in die toekoms van amateursatellietkommunikasie, ondersteun hierdie projekte.

NASA SE NANOSATELLIET DEUR RADIOAMATEURS GEHOOR

Toe n nanosatelliet van NASA NanoSail-D onverwags op 17 Januarie uit die ‘Fast Affordable Scientific and Technology Satellite (FASTSAT)’, uitgeskiet het, het die agentskap n beroep op radioamateurs gedoen om te help om dit op te spoor. NASA het radioamateurs versoek om op 437,270 MHz vir die sein te luister en om vas te stel of NanoSail-D in bedryf is. NASA het byna 470 telemetriepakette uit 11 lande ontvang.

Die NanoSail-D-baken het n AX.25-pakket elke 10 sekondes uitgestuur; die pakket het data aangaande die werking van die satelliet bevat. Nadat die bedryfspan van NanoSail-D bevestiging ontvang het dat die nanosatelliet inderdaad uitgeskiet het, het NanoSail-D se hoofondersoeker, Dean Alhorn, vinnig die hulp van Alan Sieg, WB5RMG, en Stan Sims, N4PMF, ingeroep om te help luister of die Bakensein van NanoSat-D gehoor word. Beide amateurs werk by die Marshall Ruimtevlugsentrum in Huntsville, Alabama.

“Die tydsberekening kon nie beter gewees het nie,” het Sieg gesê. “NanoSail-D was in n baan regoor Huntsville en die kans om van die eerstes te wees om die sein te hoor en te ontsyfer was onweerstaanbaar.” Net voor 23:0 UTC op 16 Januarie het hulle n swak sein gehoor. Soos die ruimtetuig bo verbygeseil het, het die sein sterker geword en was dit vir die operateurs moontlik om die eerste pakket te ontsyfer: NanoSail-D was lewendig en dit gaan goed. “Jy kon Dean van die plafon afskraap. Hy het soos n nuwe pa rondgespring,” het Sieg in herinnering geroep.

Volgens NASA is die nanosatelliet die laaste keer om 13:54 UTC op 21 Januarie gehoor. Telemetrie dui aan dat die seil op skedule ontplooi het en dit word nou geglo dat die satelliet se krag opgeraak het, wat volgens NASA te wagte was.

NASA vra nou vir visuele volging en waarnemingsverslae van NanaSail-D, wat ongeveer 650 km bokant die aarde wentel. Volgens die agentskap behoort die satelliet se seil omtrent 10 maal die helderheid van die planeet Venus te wees wanneer dit die son se strale weerkaats, veral later in die sending wanneer die

seil na laer omwentelingsbane sak. U kan NanoSail-D op die web of met jou "smartphone" volg. NASA verwag dat NanoSail-D tussen 70 en 120 dae in lae aardomwentelingsbane sal bly, afhangende van atmosferiese toestande.

ARRL-TOEKENNINGS AAN SA AMATEURS

Dennis Wells, ZS1AU, sluit vandag by SA se DXCC-toplede aan.

Tjerk Lammers, ZS6P, die SARL se toekenningsbestuurder rapporteer dat na 60 jaar van amateurradio, het Dennis Wells, ZS1AU, uiteindelik sy eerste DXCC-aansoek by die ARRL (American Radio Relay League) in Desember verlede jaar ingedien.

Dennis is met 337 inskrywings gekrediteer wat hom in die No 3 posisie op die lys vir foonkontakte van die Suid-Afrikaanse DXCC-lede plaas.

Veels geluk Dennis, jy het dit eerlik verdien.

EERSTE ZS WORKED ALL STATES TRIPLE PLAY TOEKENNING

Die ARRL het die eerste Worked All States Triple Play toekenning aan 'n Suid-Afrikaanse Radioamateur gemaak. Barry Murrell, ZS2EZ, is die ontvanger van Toekenning Nr 492 uitgereik op 7 Januarie 2011.

Die Triple Play toekenning behels die werking van al 50 state van die Verenigde State van Amerika op ESB, GG en RTD (150 kontakte) met bevestiging via LoTW. Slegs kontakte vanaf 1 Januarie 2009 is geldig.

Donovan van Loggerenberg, ZS2DL, het ook al die nodige kontakte gemaak en bevestigings ontvang, hy het sy aansoek aan die ARRL versend.

Baie geluk Barry.

KOMPETSIENUUS

Die Antiekeradiovereniging se Gelykgolf-aktiwiteitsdag begin om 10:00 UTC (12:00 SAT) op Saterdag 5 Februarie en eindig om 10:00 UTC (12:00 SAT) op Sondag 6 Februarie met GG-werking op 20, 40 en 80 meter. Hierdie kompetisie is oop vir alle radioamateurs wat van GG hou.

'n RST-verslag, die operateur se naam en die ruitblok word uitgeruil.

Logstate moet aan Andy, ZS6ADY, versend word per e-pos na andy.cairns@xsinet.co.za of gewone pos na A Cairns Posbus 12320, Benryn,1504 teen Maandag 21 Februarie 2011. Vind die reels op bladsy 23 van die 2011 SARL Kompetsiehandboek.

Die eerste skof van die 2011 SARL Nasionale Velddag word vanaf 10:00 UTC (12:00 SAT) op Saterdag 12 Februarie tot 10:00 UTC (12:00 SAT) op Sondag 13 Februarie gehou. Deelnemers kan foon, GG en digitale modusse gebruik op 160 tot 10 meter, 30, 17 en 12 meter uitgesluit.

Daar is vyf klasse van deelname wat sorg vir die multi-operateur (klub), enkeloperateur en algemene stasie. Die hoeveelheid send/ontvangers, die klas van deel-

name en die provinsiale afkorting word uitgeruil. Logstate moet teen Maandag 21 Februarie aan die Bloemfontein RAK versend word per e-pos of gewone pos.

Dit is uiters belangrik dat deelnemers die reels lees voordat die Velddag begin, die reels is op bladsy 25 tot 29 van die 2011 SARL Kompetisiehandboek.

LAASTE KANS OM MET ZS85SARL KONTAK TE MAAK

Gedurende die SARL-velddag van 12 tot 13 Februarie 2011 gaan amateurs die laaste kans kry om met die SARL se verjaarsdagroepsein ZS85SARL kontak te maak. 'n Groepie amateurs van die Bolandklub gaan die roepsein vir oulaas op die lug sit.

'n Poging gaan aangewend word om 'n WAZS200 via die SA-QSL-stelsel onder hierdie roepsein te behaal. 'n Spesiale uitnodiging word dus aan amateurs, wat nog nie ZS85SARL gekontak het nie, gerig om gedurende die velddaggeleentheid met ZS85SARL kontak te maak en die QSO via die SA-QSL-stelsel te bevestig.

Meer besonderhede oor die stasie sal nader aan die geleentheid via die SARL-webblad bekend gemaak word.

OOS-RAND RADIOKLUB SE SNUFFELMARK

Hierdie snuffelmark, wat altyd populêr is, sal op Saterdag 5 Februarie vanaf 12:0 tot 15:00 plaasvind op die sportterrein van die Sel Park Primere Skool in Pridgeonstr., Selection Park, Springs.

Die ko-ordinate om daar te kom is: S 26° 17 247 & E 28° 27 129.

Ondersteun die klub asb. en neem dit wat u graag wil verkoop. Daar sal wat koud en warm te drinke wees en ook lekker pannekoeke en worsrolle, dus neem baie geld saam

Kontak Francois, ZR6COI, by 079 932 7131 of e-pos na zr6coi@vodamail.co.za of Judy, ZR6POP, by 074 177 0395 of e-pos na zr6pop@vodamail.co.za vir tafelbesprekings of roep hulle op 145,675, die Springs Oos-Rand-herhaler.

HF voortplantings voorspelling

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die sonaktiwiteitsvlak steeds op 'n lae vlak is. Sonvlekke 1 147 en 1 149 is besig om uit die aarde se gesigsveld te roteer. Gelukkig is daar 'n nuwe sonvlek besig om op die son se Oostekant te vorm. Die effektiewe sonvlektelling sal vandeesweek na verwagting minder as 15 wees.

15 m is die beste keuse vir DX gevolg deur 20 m. Smiddae en tot na die son gesak het gaan die toestande na Indië goed wees. Smiddae gaan toestande eers op 15 m en dan later op 20 m na Europa toe bruikbaar wees. Kontakte met Australië is met sonop en smiddae op 20 m moontlik. Kontakte met die VSA is op 15 m gedurende die vroeë aand moontlik. 15 en veral 20 m-openinge na Brasilië en Suid-Amerika is smiddae moontlik.

Met die goeie 15 en 20 m-openinge gaan 17 m vol verrassings wees.

30 m kan vir die digitale en Gelykgolfentoesiaste baie lonend wees met opening na verskeie dele van die wêreld.

Plaaslik is 40 m die beste keuse met 20 en 30 m wat goeie kontakte oor die langer afstande kan oplewer. 80 m is op sy beste vroeg soggens en laat smiddae en ook oor korter afstande.

Saans is 80 m die beste keuse.

Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

31 Januarie Sluitingsdatum vir Fase 1 van die konstruksiekompetisie. 5-6 Februarie Antiekeradiovereniging se GG-aktiwiteitsdag van Saterdag 12:00 SAT tot Sondag 12:00 SAT. 12-13 Februarie 1ste Been van die SARL Nasionale Velddag van Saterdag 12:00 SAT tot Sondag 12:00 SAT met ZS85SARL vir oulaas op die lug. 21 Februarie Logstate vir die SARL Nasionale Velddagkompetisie moet in wees na die Bloemfontein ARK. 25 Februarie Logstate vir die Antiekeradiovereniging se GG-aktiwiteitsdag ingestuur te wees aan Andy ZS6ADY. 28 Februarie Laaste dag om aanbiedings om n stasie tydens die IARU Streek 1 konferensie by Sun City op te rig en te bedryf, in te stuur na iaru2011@sarl.org.za. 25 Maart SAiSAT Inligtingsessie by die NARS.

SARL-nuus nooi klubs en individue uit om nuusbrokkies van belang vir radioamateurs en kortgolfluisteraars in te stuur. Stuur dit - indien moontlik - in beide Engels en Afrikaans, na www.sarl.org.za/newsinbox.asp, nie later as die Donderdag voor uitsending nie.

Die SARL nooi u ook om te luister na die program Amateurradio VANDAG wat om 10:00 SAT op 145,750 MHz in die Pretoria-gebied uitgesaai word, met herleidings op 7 082, 7 205 en 17 860 kHz. Daar is ook ‘n potgooi-uitsending waarna geluister kan word. Vir oudiostrome en Echolink deur ZS6FCS, besoek www.sarl.org.za, klik op ’ARMI’ en volg die skakels. ’n Heruitsending vind Maandagaande om 22:05 SAT op 3 215 kHz plaas. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateurfrekwensies.

U het geluister na ’n bulletin wat deur George, ZS6NE, opgestel is.

Dankie dat u saamgeluister het, 73.

/EX